



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2018**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 70**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

---

**NASIENRIGLYNE**

1. 'n Kandidaat mag slegs TWEE vrae uit twee verskillende afdelings beantwoord.
2. As 'n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste TWEE antwoorde/response nagesien.
3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.
4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus 'n motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.
5. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.
6. Indien die kandidaat woorde uit 'n **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepepenseer nie.  
  
Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Indien die kandidaat **kru taal** gebruik, word die **kru woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kru woord** sinvol is, word die kandidaat nie gepepenseer nie.
9. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.
11. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
12. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
13. As 'n spelfout die betekenis van 'n antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
14. By OF SOORTGELYK beteken dit 'n sinoniem vir die antwoorde, nie 'n nuwe gedagte/antwoord nie.

**AFDELING A: DIE ROMAN****VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG*****DIE KRUPPEL ENGEL – Zenobia Kock***

- 1.1 1.1.1 Kaap toe. (1)
- 1.1.2 Dis die hitte wat op die pad weerkaats. (1)
- 1.1.3 Dit was volgens haar, haar enigste hoop op 'n beter toekoms. (1)
- 1.1.4 Sy het nie 'n geleentheid Kaap toe gekry nie; en haar konserwatiewe ouers sou haar nie toegelaat het om Kaap toe te gaan nie. (2)
- 1.1.5 Sy wou in haar moedertaal onderrig word. (1)
- 1.2 1.2.1 Sy wou nie hê Tina moes uitvind dat Stefaans haar biologiese pa is nie. (1)
- 1.2.2 Hy was die persoon wat Tina aanvaar en as sy eie grootgemaak het. (1)
- 1.3 1.3.1 Skok/verbasing (of iets soortgelyk). (1)
- 1.3.2 Tant Merlin het Jakob in Tina, wat nog baie jonk was, se sorg gelaat. Toe Tina weier om die pot warm pap te roer, het Jakob dit self gedoen. Jakob kry toe terselfdertyd 'n epileptiese aanval en val teen die warm pot en verbrand homself lelik. (3)
- 1.4 1.4.1 Ant Merlin was onverantwoordelik toe sy Tina alleen by Jakob gelos het. (1)
- 1.4.2 Jakob se gesig was erg verbrand. en sy heup het ernstig seergekry. Jakob het 'n ernstige sielkundige knou opgedoen. (ENIGE EEN) (1)
- 1.4.3 Ant Merlin moes aangekla (en gestraf) gewees het. Ant Merlin moes hulp vir haar alkoholiese probleem ontvang het. (ENIGE EEN) (1)
- 1.4.4 Tina het nie meer haar huiswerk gedoen nie./Tina het nie haar taak gedoen nie. Tina het haar Engelse toets gedruip. Tina moes twee keer detensie sit. (3)
- 1.4.5 Tina is deur die grootmense verseker dat Jakob se epileptiese aanval die eintlike oorsaak was dat hy teen die pot pap geval en homself verbrand en beseer het. (1)
- 1.5 Tina het nie 'n geleentheid huis toe gehad nie. (1)
- 1.6 Tina het geweet dat hulle te arm was om nog 'n ekstra mond te voer. (1)

- 1.7 1.7.1 Dis die normale taalgebruik van die Kleurlinge van daardie streek. (1)
- 1.7.2 Tina het vermoed dat Stefaans haar pa is (alhoewel hy gedink het sy weet nie daarvan nie). (1)
- 1.8 Tina het nog slegs vermoed dat Stefaans haar biologiese pa is. Stefaans het nog nie teenoor haar erken dat hy haar biologiese pa is nie. (ENIGE EEN) (1)
- 1.9 Tina het 'n spotprent in juffrou Dale se klas geteken. Juffrou Dale het vir Tina met haar besigheid gehelp toe sy teëspoed kry. Juffrou Dale het vir Tina gevra om haar blommemeisie te wees. Juffrou Dale het haar van haar herinneringe aan haar biologiese ouma vertel. (4)
- 1.10 1.10.1 tjokbrokke (1)
- 1.10.2 algemene kennis (1)
- 1.10.3 verdubbel (1)
- 1.11 1.11.1 E/Hanmarie (1)
- 1.11.2 A/Andries (1)
- 1.11.3 C/Lindiwe (1)
- 1.11.4 D/Loisie (1)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DIE DRAMA*****DIE LAASTE KARRETJIEGRAF* – Riana Steyn en Athol Fugard****VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

- 2.1 2.1.1 Die Karoowêreld en hulle lewe as Karretjiemense (2)
- 2.1.2 Dit verwys na die nuwe era in Suid-Afrika (post-apartheid). (1)
- 2.1.3 Die boere het nuwe tegnologie gebruik. (1)
- 2.2 2.2.1 Hulle het sy hande in die tronk gebreek. (1)
- 2.2.2 Dit is sy eie skuld dat hy in die tronk beland het. Dis dieselfde hande waarmee hy sy vorige vroue vermoor het. (Enige EEN) (1)
- 2.2.3 Hy het minderwaardig gevoel. Hy kon nie vir sy familie werk nie. (Enige EEN) (1)
- 2.3 2.3.1 Moedeloosheid (1)
- 2.3.2 Hoop (1)
- 2.3.3 Hulle was ook baie aggressief en moorddadig./ ... het gevloek. (1)
- 2.4 2.4.1 Ouma Mieta was oud, krom en klein./Ouma Mieta het pensioen ontvang. Ouma Mieta het die familie bymekaar gehou. Ouma Mieta het die familie getroos toe hulle swaarkry. Ouma Mieta het die tradisies voortgesit. (Enige DRIE of soortgelyk) (3)
- 2.4.2 Sy steunpilaar was nie meer daar nie. **EN** Hy was nie daar toe sy sterwe nie. (2)
- 2.5 2.5.1 Om in die moeilikheid te wees. (1)
- 2.5.2 Volgens haar was daar nie 'n toekoms vir die kinders nie. / is dit nie 'n plek om kinders groot te maak nie. (Enige EEN) (1)
- 2.5.3 Die kinders kon ten minste hier skoolgaan (en dan 'n beter toekoms hê/kry). (1)
- 2.5.4 Hy gebruik hier ook sinkplate (sinke) om die huis te bou. (1)

- 2.6 2.6.1 Koot ken nie die toekoms nie./Hy weet nie wat nog in die toekoms kan gebeur nie. (1)
- 2.6.2 Koot is nou vol hoop/positief. (1)
- 2.6.3 Koot het berou oor sy twee vroue, Katryn en Flora, wat hy doodgeslaan het. (2)
- EN**
- Koot is hartseer oor die dood van Ouma Mieta. (2)
- 2.7 Verteller (1)
- 2.8 2.8.1 Alkohol (1)
- 2.8.2 Desperaas (1)
- 2.8.3 Hoop (1)
- 2.9 Sarah het Koot-hulle as 'n doktorsgraadstudent besoek.  
Koot het Katryn met 'n skêr doodgesteek.  
Koot het Flora met 'n kiere doodgeslaan.  
Toek-Toek het die hond doodgekap. (4)
- 2.10 2.10.1 D/Angstig
- 2.10.2 A/Belofte
- 2.10.3 B/Hoop
- 2.10.4 C/Afstomping (4)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**AFDELING C: KORTVERHAAL****VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG****BEANTWOORD ALBEI KORTVERHALE****TEKS D: 'N BED VIR JOHNNY – Jeanetta Basson**

- 3.1 Alomteenwoordige/derdepersoonsverteller. (1)
- 3.2 Diefstal/inbraak/  
Uitbuiting van die weerloses (straatkinders) (1)
- 3.3 Kaapse Afrikaans (1)
- 3.4 Hy is vasgevang tussen sy vrees vir Moerat en sy gewete dat hy iets  
verkeerds gaan doen. (1)
- 3.5 Hy gee vir Johnny Vaseline om aan sy kop te smeer. EN  
Hy stamp Johnny van agter af. (2)
- 3.6 Hy dra skoene.  
Hy eet kos.  
Hy het geld in sy sak. (3)
- 3.7 Johnny steel geld uit die groen trommeltjie. (1)
- 3.8 3.8.1 hoop/verligting/uitkoms/... (1)  
3.8.2 gevaar/bedreiging (1)
- 3.9 Oompie Daars het 'n vuurtjie teen die koue gemaak.  
Oompie Daars het vir Johnny 'n jas teen die koue gegee.  
Oompie Daars het die helfte van die appel en die droë brood vir Johnny  
gegee.  
Oompie Daars het Johnny teen kriminele aktiwiteite gewaarsku. (4)
- 3.10 Ja, Johnny kon nie meer sy swaarkry en vernedering met sy ma verdra nie.  
**OF**  
Nee, Johnny moes liever skoolgaan om eendag beter te lewe. (1)
- 3.11 Johnny sterf op die rusbank wat vir hom soos 'n bed voel. (1)

**TEKS E: DIE PARADYSBOSSIE – Marietjie Kotzé**

- 3.12 3.12.1 Sy voel dat sy nou baie meer geneig is tot sonde. (1)
- 3.12.2 Die grootmense beplan 'n vervroegde verjaarsdagpartytjie vir Oupa  
sonder om hom daarvan te sê. (1)
- 3.12.3 Dit is natuurlik vir 'n tiener om aan die teenoorgestelde geslag te  
dink/ ... aandag te kry. (1)

- 3.13 3.13.1 Jasper en sy vrou het vooraf van Oupa se verjaarsdag geweet en het dus geen geldige rede gehad dat hul vakansieplanne met Oupa se verjaarsdag moes bots nie. (1)
- 3.13.2 Hulle wou nie die vrede versteur nie. (1)
- 3.13.3 Oupa het nie meer 'n goeie geheue nie/Oupa yl oor sy verlede. (1)
- 3.14 Oupa was 'n dominee/predikant/hoogleraar. (1)
- 3.15 3.15.1 Die paradysbossie het selfs op Oupa se vervroegde verjaarsdag geblom. (1)
- 3.15.2 Vir Oupa was dit 'n bewys dat hy één is met God. (1)
- 3.15.3 Elfie se gemoed het van swaarmoedigheid na ekstase verander. (1)
- 3.16 3.16.1 Twaalf (1)
- 3.16.2 Breë (1)
- 3.16.3 Winterasters (1)
- 3.17 3.17.1 A/Pa (1)
- 3.17.2 D/Ma (1)
- 3.17.3 B/Oupa (1)
- 3.17.4 E/Elfie (1)

**TOTAAL AFDELING C: 35**



**AFDELING D: GEDIGTE****VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG****TEKS F: DIE SNOEK – Nico Elandsbaai**

- 4.1 4.1.1 “roeiboot”/ “boot”/ “handlyn” (1)
- 4.1.2 Afwagting (1)
- 4.1.3 ’n Verduideliking volg oor wat die spreker met die handlyn moet doen. (1)
- 4.1.4 Hy leer die spreker-hulle visvang. (1)
- 4.1.5 Die spreker kry instruksies oor hoe om vis te vang.  
Die snoek spartel om aan die lewe te bly.  
Die spreker breek die snoek se nek.  
Die spreker voel snags ongemaklik oor wat hy aan die snoek gedoen het. (4)
- 4.1.6 Dit dui tydsverloop aan. (1)
- 4.1.7 (a) “Maar” (1)  
(b) skok/verydeling/teleurstelling/spyt (1)
- 4.1.8 “hy’s so vasgebyt aan die lewe” / “hy sou veg met sy hele lyf” (1)
- 4.1.9 (a) “sy stert sou swingel” **OF** “sy kiewe gulp na waterlug” (1)  
(b) alliterasie (1)
- 4.1.10 Die mens maak diere dood tot hulle eie voordeel/... om te eet. (1)
- 4.1.11 4.1.11 (a) vrye vers (1)  
4.1.11 (b) retoriese (1)  
4.1.11 (c) in sy slaap (1)

**TEKS G: EK HET ’N HUISIE AAN DIE RAND – Pirow Bekker**

- 4.2 4.2.1 Engelse sonnet (1)
- 4.2.2 Dit het sterk verwysings na ’n ander gedig (Ek het ’n huisie by die see). (1)
- 4.2.3 Die spreker ommuur sy huisie met ’n elektriese heining / hoë muur  
Die spreker sit diefwering voor sy vensters.  
Die spreker installeer ’n alarm.  
Hy het ’n Trelidor.  
(ENIGE DRIE) (3)
- 4.2.4 misdaad/inbraak (1)

4.2.5	Die kopbeen dui op gevaar/dood.	(1)
4.2.6	“Dan stilte”/ “skote knal”/ “mense hardloop”/ “ruite val”/ “deure klap”	(1)
4.2.7	Selfvertroue	(1)
4.2.8	Retoriese vraag	(1)
4.2.9	vrees/versigtigheid	(1)
4.2.10	Nee, die retoriese vraag dui op onsekerheid by hom.	(1)
4.2.11	Die sprekers se huis is aan die rand van veiligheid en onveiligheid.	(1)
4.2.12	4.2.12 (a) A/Eindkoeplet	(1)
	4.2.12 (b) D/Kontras	(1)
	4.2.12 (c) C/Bedreiging	(1)
	4.2.12 (d) E/Metafoor OF B/Binnerym	(1)

**TOTAAL AFDELING D: 35**  
**GROOTTOTAAL: 70**